# Hoofstuk van die dag: Spreuke 15

> *Dit gaan altyd sleg met 'n bedrukte mens; die blymoedige mens se hele lewe is 'n fees. (vers 15)*

My liewe Jemen

Omar se besoek het my meer ontstel as wat ek aanvanklik besef

het. Ek bly die hele tyd wonder hoe dit gekom het dat een mens soveel lelikheid in homself kan hê. Waar het dit met hom verkeerd geloop?

Hoe meer ek oor die saak dink, hoe duideliker besef ek dat ’n mens is wat jy dink. Dit waarmee jy jou gedagtes en jou hart vul, bepaal uiteindelik watter soort mens jy is. As jy die hele dag aan die mooie en verblydende dinge om jou dink, is jyself ook mooi en bly, en aangenaam om by te wees. Maar as jy die hele tyd besig is om ander te kritiseer, om kwaad te wees en wrokke te vertroetel, word jyself lelik en bitter, soos Omar.

Ek dink ons harte is baie soos ’n kruik. As ’n mens die hele dag lank vrot goed in ’n kruik gooi, moet jy regtig nie verwag dat jy heerlike, geurige wyn daaruit sal kan skink nie.

Ek dink ek het jou al van my paleisopsigter Agisar vertel. Omar het my ’n bietjie aan hom laat dink. Hy is net vyf minute in jou geselskap, dan het hy al weer iets gekry waaroor hy kan kla. Ek verstom my daaroor dat hy net altyd ontevrede of kwaad is! Maar ek dink hy is ook al so volgestop met lelike gedagtes dat daar nie meer plek vir die mooie is nie.

Nee. Ek het besluit, van nou af gaan ek my nóg meer daarop toelê om die mooie in God se wonderlike skepping te waardeer, en om my te verlustig in sy Wet. As ek daarvan vol is, sal ek ’n mooi mens wees.

Die mooiste wens ek vir jou en jou mense!

Salomo ben Dawid

## Onlangse Bydraes


- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand



© Bybelkoerant 2018 – 2026